

**31 Maart**

**Lukas 23:13-34, (Teks: 23:34)**

***Vergewe mekaar***

Die kruisiging van Jesus Christus was sekerlik die grootste wandaad wat die wêreld nog ooit beleef het. Kan jy jou indink: die bitter onreg wat Kajafas, Pilatus, die Joodse volk en Romeinse soldate Christus, die Koning van hemel en aarde, aangedoen het! Dit staan in rooi letters in die geskiedenis gegraveer. Hy word soos 'n misdadiger tussen misdadigers met 'n misdadigerstraf tereggestel. Desnieteenstaande bid Christus aan die kruis vir sy vyande: "Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie." Dit was liefde - onverbloemde liefde! So 'n vergewensgesindheid het die wêreld nog nooit beleef nie! Net 'n paar weke later is sy gebed verhoor en het talle van sy bloeddorstige vyande tot bekering gekom en sy volgelinge geword. Deur God se genade het hierdie vergewensgesindheid ook deel van ons lewe geword.

Ons het as volgelinge van Jesus die direkte opdrag: "Vergewe mekaar soos God julle in Christus vergewe het" (Ef. 4:32). Ons bid dikwels: "Ons Vader, vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree" (Matt 6:12). Bedoel ons dit? Is jy bereid om die voorbeeld van Christus te volg? As ons so bid, mag ons géén wrokke koester nie. Koester jy géén griewe nie? Nie teen hulle wat jou in die rug gesteek het nie? Nie teen hulle wat jou verneder het nie? Juis deur van harte te vergewe, kan ons begin om selfs aan ons vyande liefde te betoon. Dan is ons op die voetspoor van Christus besig om die kwaad deur die goeie te oorwin (Rom. 12:21).

Sing: Skrifberyming 6:1

Ds. A.P.C. Duvenage (Bultfontein)